



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

Dr Paul F de V Clüver
Voorsitter van die Universiteitsraad

Hoewel 2010 nou reeds in die verlede lê, en jaarverslae tradisioneel verslag doen oor wat reeds agter die rug is, sal hierdie jaar onthou word as 'n tyd waarin die Universiteit Stellenbosch (US) doelbewus op die toekoms gefokus het.

Die US se uitnemende onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie het hom met groot sukses oor baie dekades tot in 2010 gedra.

Die eeue-oue eikebome en nasionale gedenkwaardighede op ons kampus simboliseer die US se trotse tradisies. Ons weet egter dat om tred te hou met 'n mededingende hoëronderrigswingsomgewing, ons agter dié historiese fasade 'n ultramoderne instelling moet skep in visie, denke, personeel en infrastruktuur; 'n instelling wat die US se posisie as akademiese leier sal verskans in 'n wêreld wat in hoogste versnelling aan die verander is.

Vir die Rektor en sy Bestuursplan was 2010 die jaar waarin daadwerklike stappe gedoen is om die US as bouer van hoop te posisioneer. Dit is gedoen deur die US se bewese kundigheid in te span en die wetenskap aan te wend om die lewenskwaliteit van mense op uiteenlopende maniere ten goede te verander. Die vorige jare se interne strategiese beplanning het uitloop op die HOOP Projek wat in Julie aan die buitewêreld bekend gestel is.

Die HOOP Projek bind 'n groot verskeidenheid interafhanklike en komplekse inisiatiewe saam om aan te dui watter tipe instelling die Universiteit Stellenbosch teen 2015 wil wees. Onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie verskaf die wetenskaplike onderbou vir die talle akademiese en navorsingsinisiatiewe wat ontwikkel is om hoop te skep. Voeg daarby die innoverende inisiatiewe om personeel- en studentesukses te ondersteun, die inrigting van ultramoderne infrastruktuur, en die fondswerwingsveldtog om die HOOP Projek volhoubaar te kan bestuur, en 'n mens begin dan net-net die diepte en reikwydte van hierdie visie verstaan.

Al hierdie verskillende fasette is met mekaar vervleg soos die riete in 'n tradisionele Afrika-mandjie. Die kern-funksies van die Universiteit – lewering van gesogte gegradueerdes, voorlopernavorsing en ontwikkelingsgedrewe gemeenskapsinteraksie – verskaf die noodsaaklike raamwerk,

terwyl die ander fasette deur innoverende en kreatiewe denke bydra tot die kleur en kreatiewe ontwerp daarvan, om so die US se onderskeidende karakter te skep as instelling wat uit Afrika vir Afrika oplossings vind.

Die Rektor en sy Bestuursplan het in die afgelope vier jaar die Universiteit Stellenbosch met welslae deur twee fases gelei: 'n eerste fase van konsolidering van die strategiese doelwitte met Visie 2012 steeds sentraal, en 'n tweede fase van opratting van die hele inrigting vir die verwesenliking van sy nuwe posisionering.

Enkele van die bestuursuksesse van die afgelope paar jaar is die volgende: die vestiging van 'n landelike ontwikkelings-program; die verdere uitbouing van die US se suksesse op navorsingsterrein en in die akademie, onder meer die handhawing van studentedeurvloeiakoerse ver bokant die Suid-Afrikaanse gemiddelde; die merkbare vordering met die US se studentediversiteitsprofiel; die vernuwing van die fasiliteitsbestuursplan en -kapasiteit; die relevansie van die US in Suid-Afrika, Afrika en internasionaal, met besondere aandag aan die ontwikkelingsagenda; die formele posisionering van die US om 'n wetenskaplike voetspoor in Afrika te laat; die vestiging van 'n volhoubaarheidsplan vir die Universiteit; en die ontwikkeling van die unieke US-skolevennootskapsprogram.

Ek wens graag die Rektor en sy hele span geluk met die nalatenskap wat die US tans skep om te verseker dat die instelling sy tradisie van uitnemendheid volhoubaar bestuur.

Ek bedank graag my mederaadslede vir hul getroue bywoning van vergaderings, hul kritiese denke en waardevolle insette, maar veral ook vir hulle ondersteuning van die US se langtermynvisie. Daar is instemming oor hoe die US van die toekoms moet lyk. Die HOOP Projek is 'n waardevolle voertuig om ons by ons doelwitte uit te bring.

Dr Paul F de V Clüver
Voorsitter van die Universiteitsraad



RAADSVERGADERINGS EN BYWONING

Die Universiteitsraad (hierna die Raad genoem) het in 2010 uit 30 lede bestaan: vier was uitvoerende lede; 14 was onafhanklike, nie-uitvoerende lede; vyf was werknemersverteenvoerders; vyf is deur die regering aangewys en 2 was studentevetevooerders.

Die Raad het vyf maal gedurende die verslagjaar amptelik vergader. Die Universiteit rapporteer met trots dat die gemiddelde bywoningskoers van vergaderings 92% was. Die laagste bywoningskoers was 83%.

KOMITEES VAN DIE RAAD: VERGADERINGS EN BYWONING

Die Raad het agt komitees wat met verskillende intervalle vergader – sommige vergader voor elke Raadsvergadering, terwyl ander vergader soos wat die behoefte ontstaan.

Die belangrikste komitee is die Uitvoerende Komitee van die Raad. Hierdie komitee, bestaande uit sewe lede in 2010, het vier maal in die verslagjaar vergader. Daar is geen sake hangend op die agenda van die komitee nie. Hangende sake op die agenda van ander komitees wat via die Uitvoerende Komitee aan die Raad rapporteer, sal uiteindelik op die agenda van die Uitvoerende Komitee verskyn – wat in daardie stadium dan daardie sake sal hanteer.

Die vergaderings van die Uitvoerende Komitee is soos volg bygewoon:

Maart: 6 lede teenwoordig
Mei: 5 lede teenwoordig
Augustus: 7 lede teenwoordig
November: 6 lede teenwoordig

- Die gemiddelde bywoningskoers van die Uitvoerende Komitee vir 2010 was 86%.
- In die geheel gesien, is die vergaderings van Raadskomitees goed bygewoon. Die komitees se gemiddelde bywoningskoers was 83%.

Bekendstelling van die HOOP Projek

Die HOOP Projek is op 21 Julie by 'n luisterryke funksie in Stellenbosch bekend gestel en kort daarna ook by Johannesburg en Port Elizabeth. In haar toespraak tydens 'n internasionale videoskakeling by dié funksie het dr Shirley Jackson, President van Rensselaer Polytechnic in die VSA, gesê: "Hope is a powerful human concept... hope raises us up to go out and make a difference." Hier staan die Rektor, prof Russel Botman, by een van die Hoop-vlae in Victoriastraat.

